# Die Boodskapper: Jetsie ekstra vir die Kersseisoen...

**Kantoorure:** Ma, Wo & Vr, 8:00-16:00

*Ons telefoonnommers:*

**Tel:** 012 333 4273 **Sel:** 072 137 4407

**Webtuiste: www.ngkpierneef.co.za**

**Epos:** kantoor@ngkpierneef.co.za

**Facebook:** Pierneef Gemeente

*(Gaan "Like" ons fb-blad om op datum te bly van wat gebeur)*

**Whatsapp Gemeentegroep:** Kontak ds Grobler om deel te word (076 841 1568).

**Bankbesonderhede:** NG Kerk Pierneef, Standard Bank SA, Tjekrekening: 281590621, Takkode: 01-4845 *(Sonder julle kollekte en dankoffers sal die Gemeente sukkel om aan te hou met hulle goeie werk)*

**Kantoorure Desember/Januarie**

Die Kerkkantoor sluit Dinsdag, 15 Desember en open weer Maandag, 11 Januarie. Steve (072 137 4407) en ds Grobler (076 841 1568) sal wel steeds telefonies beskikbaar wees gedurende hierdie tyd indien daar 'n noodgeval is.

## Uit die Kantoor...

**Verandering van persoonlike inligting**

Indien enige van u inligting verander het, soos adres, telefoonnommer, beroep of e-posadres, vra ons dat u asseblief die inligting na die kantoor toe sal deurgee. Daar is ook nou, vir u gerief, 'n rakkie in die portaal vir hierdie doel geplaas.

### Derde Sondag van Advent: Vreugde

Vandag is die derde Sondag van Advent, die Sondag van Vreugde. Ons vreugde is in God en in sy Seun, Jesus Christus. Soos vrede is vreugde 'n geskenk van God. Vreugde kom oor ons en vul ons wanneer ons onthou wat God gedoen het en wat Hy belowe het om nog te doen. Ons steek vandag die derde kers aan om ons ons daaraan te herinner dat Christus reeds gekom het en dat Hy eendag weer sal kom sodat ons almal 'n vol en oorvloedige lewe kan hê. Ons dank God vir die hoop wat ons van Hom ontvang, vir die vrede wat Hy skenk en vir die vreugde wat Hy ons hart uitstort.

Ons hoor in hierdie tyd die bekende woorde gereeld: ***Geloof, hoop en liefde!*** Dit staan teen baie mure in kerkgeboue; ingebrand in katedrale se vensters; hang teen die mure van baie huise. Vir die gelowige is hierdie meer as bekende woorde. En ons kan elke woord daarvan verklaar: *Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie. (Hebreërs 11:1)*

*Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe. (1 Petrus 3:15b) Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes. (1 Johannes 4:10)*

'n Predikant stel dit in die lig van 2020 so: *Aan die einde van een van die uitdagendste jare in die laaste eeu, is die vraag natuurlik: "Hoe het ons liefde in 2020 sigbaar geword te midde van inperkings en afsondering?" Verder kan ons seker vra: "Watter hoop het ons vir die wêreld gebring in 'n tyd van onsekerheid, pandemie en die agteruitgang van die ekonomiese situasie van duisende mense?" En dan die laaste vraag: "Het ek bly glo?" en het ek ander gehelp om onwrikbaar te bly glo aan die Immanuel God wat by ons is te midde van 'n wêreld wat vra: "Waar is God?"* Dis nou nogal iets om oor te reflekteer in hierdie Kersseisoen!

Kerstyd is 'n besondere tyd van hoop! Dit is 'n tyd van saamwees; familietyd. Mag hierdie Kersfees vir elkeen 'n besondere Christusfees van HOOP wees en mag 2021 'n jaar vol opwinding en nuwe uitdagings wees waarin elkeen die krag en genade van ons Heiland intens beleef! Hier is "ons boodskap" vir JOU vir die week wat voorlê: Romeine 15:13 - *Mag God, die bron van HOOP, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle HOOP al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees!*

*-Ds Paullet Grobler*

**Vat gerus vir jou 'n 2021 Kalender in die voorportaal!**

**Omgeegroepe**

Indien jy wil inskakel by 'n Omgeegroep, kontak gerus ds Grobler (076 841 1568).

*Bestaande groepe:*

Bybelstudie-elke Woensdagoggend, Bybelskool- elke Woensdagaand. Ons is tans besig om weer te kyk na al ons gunsteling kinderverhale uit die Bybel.

Indien jy graag wil volg wat ons doen, maar nie by die Bybelstudie of Bybelskool kan uitkom nie, vra gerus die notas aan. Die notas is 'n goeie kommentaar op die boeke wat ons behandel, en is so geskryf dat jy dit in jou persoonlike Bybelstudie kan gebruik.

Die 20,30's & 40's Kleingroep kom elke tweede Donderdagaand bymekaar. Dit is 'n lekker kuier en saamgeselsgeleentheid om die Woord en ander aktuele sake.

Daar is ook talle ander Bybelstudie en Omgeegroepe waaraan ons gemeentelede behoort. As jy 'n behoefte het om deel te wees van so groep, of selfs mense wil uitnooi na een waarby jy betrokke is, laat weet ons gerus. Ons wil graag 'n plek skep vir elkeen om verder geestelik te groei en in te skakel!

## Groentetuin

Gaan pluk asb na kerk vir jou groente! Daar is oorgenoeg dat jy 'n bietjie ekstra vat om iemand anders se dag ook te maak!

**Dorkas se Kombuis-**
**Bankbesonderhede:** M Janeke
Capitec Bank
Spaarrekening
1651207613

**Motorwagsendingprojek**

Ons gemeente bedien tans drie punte waar ons saam met Motorwagte Bybelstudie hou op Sondae-oggende, Spar (Zambezi- 7:00), Zambezi Junction (7:30) en Montana Crossing (8:00). Daar is op die oomblik 60 wagte wat in die oggende by ons aansluit. Daar is 'n Pastoor wat hulle Woensdae besoek en dagstukkies met hulle deel. Tans is Ds Paullet, Calla, Steve, Hugo, Sandra, Herman en Johan betrokke by die besoekpunte Sondae-oggende, maar ons kort steeds nog hande omdat daar meer besoekpunte is wat ons graag sal wil bedien.

Indien jy graag so wou aansluit by hierdie projek, is jy welkom om Calla Bezuidenhout te kontak: 082 455 2976.

Baie dankie vir elkeen se ondersteuning tot dusvêr!

**Vintage Tusseninners**

Die Vintage Tusseninner groep is daar vir almal 50 jaar en ouer. Ons doel is om groi in die gemeente te bewerkstellig. Ons wil graag lief en leed deel op die groep maar kan dit slegs doen as ons weet van siekte, operasies of 'n nuwe kleinkind ens. Inligting sal verskaf word oor lekker bymekaarkomgeleenthede. Indien daar persone is wat sou belangstel om by die groep in te skakel, kan hul my kontak. Jeanne (082 928 1374).

## Ons gee om...

**Dorkas se Kombuis – 'n terugblik op 2020**

As iemand jou vra beskryf 2020 in een woord is ek seker 99% sal sê – COVID!

My antwoord sal wees GENADE/DANKBAARHEID/OORVLOED/BLESSINGS/SAMEHORIGHEID/VRYGEWIGHEID/MENSWAARDIGHEID.

In 2020 het Dorkas se Kombuis nie een dag leeg gestaan nie, nie een dag was daar kommer oor hoe die volgende pakkie gepak gaan word nie, want daar was 'n hele gemeente bankvas agter die projek te midde van vele se eie finansies wat knyp, te midde van vele se eie persoonlike vrese en onsekerheid, het die gemeente gesorg dat ons gesinne hul pakkies ontvang.

Ek het soms verstom gestaan oor berigte in die media van voedigspakkies wat wanaangewend is, nie by hul bestemmings uitgekom het nie, items bevat het wat nie meer bruikbaar was nie, en dan het ek net gesmile – Heer DANKIE! Nie een keer het een van ons gesinne gewonder nie, ons was elke keer daar met elke pakkie, soos gevra.

Ons pakkies het nie sonder vrees gepaard gegaan in die tud nie. Wat as iemand sou uitvind van ons voorraad en wat ons doen, wat as dit gekonfiskeer sou word. Moontlik ongegrond, maar daar was soveel berigte in die pers, soveel moets en moenies dat selfs 'n permit uitgereik moes word om die kos te vervoer.

Ek onthou hoe ek en van die gemeentelede mekaar voor Daily Fresh ontmoet het, voorraad geruil het "asof nou net gekoop".
Ons kon ons karwagte help . **EEN** oproep aan die gemeente en ons trek saam op teen die teenspoed wat COVID aan die gesinne veroorsaak het. Ons kon gesinne help wie nie eers in ons gemeente was nie. Ons het die nood gehoor en was in Sy Diens tot diens.

Daar was die wonderlike geval waar 'n dubbelbed, linne, gordyne en handdoeke deur 'n gemeentelid geskenk is in 'n situasie waar daar net "devastation" en wanhoop was. Die hulpbehoewende was ook nie in ons gemeente nie, maar deur nood is ons saamgebind. Ons het die voorspoed beleef van 'n bedrag van R 25 000-00 wat vir RHS (Rietondale High School) gewen is en waarvan R 10 000-00 vir ons kospakkies ooreengekom is. Ek wil die skool bedank vir hulle spoedige terugbetaling van die voorraad aangekoop. Dit maak ons hande vir 2021 sterker.

My wens in 2021 is dat ons elke week by elke gesin sal uitkom en nie net soos in die verlede (voor Covid) elke tweede week nie. Dit gaan fondse vra, tyd en beplanning. Ek weet ons gemeente is reg vir die uitgading, want ons het dit al onder moeliker omstandighede reggekry. Wat bly oor om te sê – DANKIE en Nogmaals DANKIE! Dorkas se Kombuis is 'n gemeentepoging, 'n gemeentesukses wat utgekring het na vriende, familie en kollegas. Mag ons in 2021 met die een seëning na die ander gebless word, moedeloos gebless word, genoeg hê om uit te deel.

Ek wil vra dat ons nie ophou voorraad bymekaar maak in Desember nie. In Januarie wanneer die skole heropen gaan ons gesinne op ons staatmaak, hulle gaan skool toe kom en kom soek vir die kospakkie. Ons sal daar wees, gereed en afgelewer. Ek neem nou al die vrymoedigheid om te vra vir blikke 900g konfyt, blikkies ertjies, whole kernel corn, rys en rooibostee vir Januarie 2021. Mag **DANKBAARHIED** vir dit wat ons ontvang het, ons noord wees in 2021, ons dryfkrag.

Die Woord sê in Jer 29:11 "Ek weet wat ek vir julle beplan sê die Here, voorspoed en nie teenspoed nie". Mag dit vir elkeen waar wees in all our years to come. - Dorkas se Kombuis.

## Herwinning

Herwinning: Dankie vir al die papier wat weekliks in die Herwinningsdrom gegooi word! Hier is die jaareindebrief van Volition (wat ons herwinning weekliks kom oplaai). Jy kan trots wees om deel te wees van die verskil wat die jaar gemaak is!

*We have reached the end of a very challenging 2020, where we had to close the BBC in April with no income for the waste pickers for 1.5 months. Fortunately, most of the waste pickers were accommodated in the shelters that was opened by CoT and PEN. We opened in the middle of May and have seen a steady increase in purchases from the waste pickers to a record of R82 000 in November. We have also seen a dramatic increase in the number of recyclers from an average of 120 in the 1st quarter to 210 in November. These waste pickers have recycled a total of 46 tons of recycled material in November, and total of 270 tons to the end of November which has a major impact on reducing the volumes of waste going to the dump sites.*

*The increase volumes from the waste pickers and the church project increased our volumes to the extent that we are now employing on average an additional 3-4 casual sorters on a daily basis, employing a total of 9 people. The support from the church project has increase to 10 churches this year and also added 3 smaller townhouse complexes in the city, increasing the volumes collected from the churches and other collection points to 8 tons/month or 96 tons per annum.*

*I want to take this opportunity to thank everybody who participated in this amazing project for your support and prayers and wishing you all a Blessed Christmas and God filled 2021 full of His Grace.*

Die Herwinningsakke is by die groentetuin. Die hekkie sal Maandae, Woensdae, Vrydae en Sondae oop wees. Julle kan weer die 4de Januarie julle herwinning kerk toe bring.

### Hoe Herwin Ek?

- Bêre al die herwinbare afval wat julle deur die week sou weggooi in die gewone asblik. Maak dit vir jouself maklik: Gooi sommer van die begin af die plastiek, glas, blik en papier in aparte vullissakke. Spoel asb die bottels/blikkies uit voordat dit in 'n sak geplaas word. Kom gooi jou herwinning in die groot wit sakke by die kerk wat afsonderlik gemerk is (dit word weekliks weggery).Die hek van die Groentetuin waar die sakke is, is Maandae, Woensdae, Vrydae en Sondae oop.

**Nuus van ons musiekleier**

Liewe Gemeente, Soos die jaar tot 'n einde kom besef ek dat ek al amper 2 jaar deel van die NG-Pierneef familie is, en dit maak my baie trots! Ek wil graag as musiekleier eerstens baie dankie sê vir al julle ondersteuning, omgee en liefde. Dit is vir my so lekker om vir julle op 'n Sondag musiek te kan maak. Ek wil ook 'n baie spesiale woord van dank aan my twee voorsangers, Florette en Henri, rig. Julle maak my werk soveel makliker en dit is voorwaar 'n voorreg om saam julle te werk. Dankie vir julle toewyding en die diens wat julle aan die gemeente verrig. Dan, kortliks my planne vir 2021:

- Ek wil graag minstens 1 keer per kwartaal op 'n Sondag aand 'n lekker sang/"worship" diens hou waar ons as gemeente net kan saamkom en die Here loof en prys deur middel van musiek en 'n kort boodskap.
- Ek wil 'n hele paar nuwe liedere in ons repetiore voeg. Enige iemand wat 'n voorstel het kan my gerus kontak en ek sal sorg vir die bladmusiek en woorde. Ek beplan ook om meer gebruik te maak van die orrel.
- Ek wil my musiekspan van Sondae oggende uitbrei soveel as wat dit moontlik is. Ek vra dus mooi dat enige iemand wat 'n instrument kan speel of kan sing my sal kontak. Dit is nie verpligtend om elke Sondag oggend deel van die musiekspan te wees nie, en jy kan na die voorsang terugkeer na jou geliefdes in die banke as jy sou wou. Ek het die opleiding en toeristing om verwerkings te kan doen, en ek is bereid om op 'n weeksaand/Saterdag bymekaar te kom vir oefening. Andersins is ons gewone oefentyd Sondae oggende voor die diens.

Laastens wens ek elkeen van julle 'n baie Geseënde Kersfees en 'n voorspoedige 2021 toe! Mag julle die tyd saam julle geliefdes koester en die Here se liefde en genade ervaar. - Baie liefde en groete, Angelique

**Van ons Jeugwerker**

Onnodig om te sê dat die afgelope jaar anders verloop het as wat ons gehoop het aan die begin van die jaar. Vir 'n lang tyd kon ons die kinders en jeuglede nie gesien het nie en moes ons probeer om oor What's app kontak te hou.

Maar 'n nuwe jaar lê voor! Die kinderkerk gaan voort met bekende verhale uit die Ou Testament om Bybelkennis by ons jong lede te bevorder. Die verhale kan ons baie leer oor hoe God graag wil hê ons moet lewe, dit wat Hom gelukkig maak en dit waarvan Hy nie hou nie. Ook leer ons om daarop te vertrou dat Hy ons nie in die steek laat nie, ook al is omstandighede soms moeilik, en dat ons almal spesiaal is vir Hom. Ons het die jeug gevra om die komende jaar uit te help met barmhartigheidprojekte. Dit is wonderlik om hulle idees te hoor en betrokkenheid te sien. Ons beplan voor komende jaar uitreike om die omgee vir ander, soos ons dit leer uit die Bybel, ook prakties uit te voer. Ons nooi graag ook ander gemeentelede om deel te wees van hierdie projekte in 2021. Laat ons as gemeente saam staan, jonk en oud, en met opgewondenheid en liefde uitreik na ander. – Groete, Sandra

**'Geelbladsye' – besighede en dienste**

U is welkom om u advertensie te stuur vir plasing: bv. Fisioterapeute, ekstra klasse, sielkundiges, loodgieters, kleinhandelaars, hersteldienste, konsultasiedienste, haarkapper ens. Indien u self so diens verskaf of weet van iemand gee asseblief die inligting deur na die Kerkkantoor. Kom ons ondersteun ons gemeentelede, hul families en so ook ons gemeente.

**Op soek na 'n kar?**

Skakel gerus vir Anton op 072 3738207. Of kom maak 'n draai op die hoek van Booysen St. en Mansfield Avenue by Salvamento Cars.

*'Geelbladsye' – besighede en dienste*

**Ekstra klasse**

Indien jou Gr 4-11 kinders enige ekstra klasse benodig met Wiskunde, Rekeningkunde of Wiskunde geletterdheid, kontak gerus vir Annalize.

Klasse is R200 per uur.

Kontakpersoon: Annalize Jacobs (082 576 6082)

**Verhuurings van die Kerk se Fasiliteite**

Besprekings vir die saal, kombuis en braaigeriewe kan by die Kerkkantoor gemaak word. Kontak gerus vir Steve (072 137 4407 of 012 333 4273). Nooi gerus ook julle vriende en familie om gebruik te maak van ons fasiliteite. Meer inligting oor die tariewe is beskikbaar op ons webtuiste: www.ngkpierneef.co.za of by die Kerkkantoor.

# TEKENS VAN KERSTYD

## ADVENTSKERSE

Ons steek die 4 Sondae voor Kersdag ‘n kers aan. Dit word die Adventskerse genoem. En die Adventskerse herinner ons aan Jesus se eerste koms (Advent) en ook aan Sy tweede koms (Sy wederkoms – Hand 2v9-11). Die 4 kerse dra elk ‘n boodskap van (1) Hoop, (2) Vrede, (3) Vreugde en (4) Liefde. Opdrag: Maak ‘n Adventskrans vir die huis en steek elke Adventsondag ‘n Adventskers aan. Leef daardie week (met inspanning en oorspronklikheid) die betrokke kers se boodskap van Hoop, Vrede, Vreugde en Liefde uit.

## DIE KRIP

Die krip vertel die verhaal van hoe God die wêreld kom red het met ’n kind: Don & Carol Richardson is in 1962 na New Guinea om daar sendingwerk te gaan doen. Stamgevegte het gereeld voorgekom, ten spyte van die Richardson’s se bemiddeling en prediking. En toe gebeur daar dié wonder - ‘n Ouerpaar uit elk van die twee strydende stamme ruil hul eersgebore seuns. Die hoofman van die een stam neem sy geliefde seun en gaan gee sy kind vir die hoofman van die gehate vyand. En toe gebeur nog ’n wonder: Daardie ander stam se hoofman doen dieselfde. Hy gee sy seun vir die vyand sy hoofman. Die moeders het gehuil, want die prys vir vrede was hoog. Maar vrede was gewaarborg - Jy sal nie oorlog maak teen jou eie kind nie. Daardie twee seuns wat uitgeruil is, het elk ‘’n naam gekry - ‘Peace Child’. God het ook Sy Seun gegee as ‘Peace Child’. En by die doop gee ek weer my kind aan God. Opdrag: Dink na en kyk met nuwe oë na die Kind in die krip. Hy is ’n ‘Peace Child.’ Dit is die prys vir die vrede tussen God en mens!



## DIE STER VAN BETLEHEM

Die sterre in ons kersversierings herinner ons aan die baie spesiale Ster wat die Wyse Manne vanuit die Ooste geroep en na Betlehem gelei het om dáár die Koning van die Jode te ontmoet. Die wyse manne het aan Hom as Koning, hulde gebring en ook aan Hom gepaste geskenke gegee (Matt 2v1-12). Opdrag: Hang ‘n ster in die huis op om julle te herinner dat Jesus ons Koning is. Eer Hom! (Tussen twee hakies: Hoe sou jy dit wil doen

## DIE GESKENKE

Die geskenke wat ons vir mekaar gee hoef nie duur geskenke te wees nie. Die geskenke moet eerder iets sê. Die geskenke moet van God sê: “Ons dank God vir Sy onuitspreeklike gawe” (2 Kor. 9v15). Die geskenke moet vir mekaar sê: “Ek het jou lief. Ek waardeer jou. Ek is – soos Jesus – tot jou beskikking”. Opdrag: Wees oorspronklik. Soek vir mekaar bekostigbare geskenke wat die persoonlike boodskap van waardering en liefde kan oordra.

## DIE KERSBOOM

Die Kersboom het ‘n interessante geskiedenis. Waar die kersboomtradisie vandaan kom, weet ons nie. Daar is die romantiese verhaal van Martin Luther wat na afloop van die Ou-kersaanddiens, op pad huis toe was in die donker. Dit het gesneeu en deur die wit versierde dennebome sien hy God se blink sterrehemel! Dit was vir hom so aangrypend dat hy ‘n denne tak afgekap het en dit huistoe geneem het en vir die gesin soos ‘n kersboom versier het. Luther het sy boom versier soos God se bome daar buite. Hy het klein geskenkies daaronder geplaas en toe die alleenlopendes en eensames genooi om te kom deel in die Christusfees. Vandag nog vier die ou Duitse families Kersfees met ’n Kersboom, ‘n oop deur en met gasvryheid. Daar is selfs ‘n klein geskenk aan die voet van die boom. Opdrag: Rig ‘n kersboom op as simbool van julle gasvryheid teenoor eensame persone en vriende. Nooi hulle oor! Wie kan julle nooi?

## KERSLIEDERE

Stille Nag is ons temalied vir Kersfees. Daar is ‘n interessante verhaal agter hierdie bekende kerslied: Dit is die jaar 1818. In Oostenryk is daar ‘n dorpie met die naam van Oberndorff. Die priester is Josef Mohr en die orrelis is Franz Gruber. Hulle is besig om hulle voor te berei vir die Kersdiens, maar die orrel is stukkend (danksy die rotte). Franz neem sy kitaar op. Hy tokkel en speel en tokkel weer. Hy vind ‘n melodie! Josef skryf die woorde! En so word Stille Nag gebore, ook ’n wonder soos Jesus se geboorte! Opdrag: Speel en luister Kersmusiek. Sing vrolik saam!

# Huisgeloof

**Advent 1 – Kers van Hoop**

Jes 43:19 Kyk, Ek gaan iets nuut doen, dit staan op die punt om te gebeur, julle kan dit al sien kom; Ek maak in die woestyn ‘n pad, Ek laat in die droë wêreld riviere ontspring . . .

• Watter tekens van hoop sien julle na ‘n moeilike en uitdagende jaar?

• Hoe kan ons gesin tekens van hoop oprig in hierdie tyd?

**Advent 2 – Kers van Vrede**

Joh 14:27 Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie.

• Vir Jesus beteken vrede nie die afwesigheid van konflik en teenkanting nie, maar die teenwoordigheid van genade en liefde. Wat beteken hierdie stelling vir jou?

• Hoe kan ons gesin in hierdie tyd vredemakers wees?

**Advent 3 – Kers van Vreugde (pienk)**

Rom 15:13 Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, en mag die hoop al hoe sterker word deur die krag van die Heilige Gees.

• Daar het vanjaar ‘n klomp goed in die wêreld gebeur wat hartseer gebring het – die teenoorgestelde van blydskap. Dis soms goed om oor dié dinge na te dink. Wat is dit wat julle gesin hierdie jaar hartseer gemaak het?

• Vreugde is nie afhanklik van wat om ons of met ons gebeur nie. Vreugde kry ons as ons naby die Bron leef, uit die Bron leef. Wat het dit vir julle gesin beteken om in die jaar te weet: Die Here is by ons?

**Advent 4 – Kers van Liefde**

1 Joh 4:13 Niemand het God nog ooit gesien nie, maar as ons mekaar liefhet, bly God in ons . . .

• Wat gebeur wanneer ons mekaar liefhet?

• In ‘n tyd waar mense maklik kon vra: Maar waar is God dan? is ons verantwoordelikheid nog groter om lief te hê, sodat God sigbaar kan word. Sê vir mekaar hoe julle gesin praktiese liefdeswerk in die tyd kan doen en besluit wanneer dit gaan gebeur.

**Kersfees (Wit kers in die middel – die Christus kers)**

Luk 2: 1-20 Laat iemand die Kersverhaal lees

• Sing saam

o Al was ek nie daar nie (Lied 355)

o Stille nag (Lied 348)

• Sê hoekom ons vir mekaar geskenke gee

• Laat elkeen ‘n klippie kom neersit by die Kersboom en sê waarvoor julle dankbaar is vir die jaar wat verby is.

• Laat iemand afsluit met gebed.

# Voorbidding

**KOM ONS BID VIR:**

- Bid asb vir Cecile Botha en haar gesin met die afsterwe van haar man, Hennie.
- Bid asb vir Natie du Plessis wat die week ingegaan het vir 'n operasie.
- Bid asb vir Esme Robbinson wat die week geval het.
- Kom ons **Bid vir VREDE in ons land**; dat enige rasse-haat, geweld, (in alle vorme) moord, korrupsie en ander negatiewe invloede vernietig en GESTOP sal word.
- Bid asb vir menige instansies, gemeentes en bedieninge wat besig is met beplanning vir volgende jaar. Baie veranderings moet oorweeg word soos onder andere digitale gebruik.
- Daar is 'n oproep tot gebed rondom die aktivisme teen geweld van vroue en kinders 1-16 Desember.
- Loof die Here vir godsdienstige radio programme wat plaaslik en wêreldwyd uitgedra word
- Ons bid steeds vir die aktivisme teen geweld van vroue en kinders tot 16 Desember en daarmee saam vir die GENESING van Suid-Afrika.
- Bid asb vir mense wat alleen en ontwortel is gedurende die fees seisoen.

**Gebed vir die lande:** Kasakstan: Pastoor Viktor is besig om vrug op sy gebede van 20 jaar te sien. Die moeilike COVID tyd het baie mense na God vir vergifnis laat draai. Gelowiges het begin verenig en ongelowiges het gelowiges na hul huise begin nooi. Hy deel: "Ons het in die oggende buite bymekaar gekom om Bybel te lees en vir tee. Ons het altyd baie gaste ontvang. Die pandemie het almal geskud, tog bring dit goeie vrug vir die ewigheid." www.tr.im/wb49

# Verjaardae Desember-Januarie

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 13/12 | | Ashlee | Kidson | 073-174 3110 |
| 13/12 | Me | Xandri | Kriel | 084-324 3194 |
| 13/12 | Me | Letitia | Pretorius | 082-747 6453 |
| 13/12 | Mej | Kay-Lee | Theron | 083-393 3486 |
| 14/12 | Me | Sune | Erasmus | 082-257 4800 |
| **14/12** | **Mnr** | **Robbie** | **Robinson** | **082-297 0654** |
| 15/12 | Mnr | Tinie | Pretorius | 082-662 8284 |
| 15/12 | Me | Izelle | Warricker | 060-855 0273 |
| 16/12 | Mnr | Byron | Lindeque | 078-364 6695 |
| 18/12 | Mev | Adèle | Krieg | 081-043 9818 |
| 19/12 | Me | Carike | De Villiers | 082-085 3452 |
| 19/12 | Mej | Alida | Groenewald | 083-294 7554 |
| 19/12 | Mej | Esmé | Robinson | 082-297 0654 |
| 19/12 | Me | Mieke | Van Niekerk | 082-762 8499 |
| **21/12** | **Me** | **Susan** | **Du Plessis** | **082-348 2466** |
| 22/12 | | Danie | Jacobs | 012-329 455 |
| 23/12 | Mnr | Org | Cronje | 083-400 2895 |
| 24/12 | | Kristiaan | Barnard | 083-441 5803 |
| 24/12 | Me | Rina | Krynauw | 082-682 0584 |
| 25/12 | Me | Amore | Botha | 082-468 4680 |
| **26/12** | **Mev** | **Stefanie** | **Mc Menamin** | **072-659 9111** |
| 27/12 | Mej | Marilie | Pretorius | 060-780 6352 |
| 27/12 | Dr | Antoinette | Swart | 082-552 4743 |
| 30/12 | Mev | Susan | Troskie | 082-405 8129 |
| 31/12 | Mej | Anna-Marie | Byrnes | 074-333 5162 |
| 31/12 | Me | Gerdie | Murphy | 082-556 9863 |
| 1/1 | Mnr | Johannes | Van Wyk | 082-454 2738 |
| 2/1 | Mej | Jeane | Venter | 084-381 3885 |
| 3/1 | Me | Corne | De Jager | 083-926 3428 |
| 3/1 | | Carla | Kok | 012-333 2610 |
| **3/1** | **Mnr** | **Kobus** | **Kriel** | **073-231 3777** |
| 4/1 | Mnr | Gustav | Bosman | 072-561 0223 |
| **4/1** | **Mnr** | **Toit** | **Liebenberg** | **084-210 0688** |
| 5/1 | Mnr | Adrian | Kirsten | |
| 5/1 | Mev | Annatjie | Van der Merwe | 082-871 5812 |
| 8/1 | Mnr | Chris | Greyvenstein | 082-821 5222 |
| 10/1 | Me | Riekie | Crafford | 082-955 5786 |
| 10/1 | Mnr | Lee | Landsberg | 082-889 0969 |
| 11/1 | Mev | Mona | Du Toit | 079-494 4628 |
| 11/1 | Mnr | Frikkie | Wentzel | 083-294 9505 |
| 12/1 | Mev | Diana | Pienaar | 065-964 0849 |
| **13/1** | **Me** | **Cecilia** | **De La Rey** | **084-629 2342** |
| 13/1 | Mej | Annelize | Korff | 084-478 1635 |
| 15/1 | Mej | Anrélene | Du Plessis | 079-082 3492 |
| 16/1 | Mnr | Karel | De Villiers | 060-665 7706 |
| 17/1 | | Heinrich | Kok | 012-333 2610 |